# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

## Info 6/2024 — 29 April 2024

Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za






# VAN DIE SKOOLHOOF

**Spreuke 4:20 en 21** *“My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart”*

Spreuke 1 – 9 handel hoofsaaklik oor die voordele om wys en verstandig te lewe. Spreuke 4 pas in by die eerste hoofdeel. Die tema van die hoofstuk is wat Salomo self as kind van sy vader Dawid geleer het. Spreuke 4 vestig ons op 3 hoofgedagtes hieroor:

1. Die wysheid wat te vind is in die opvoeding van kinders (1—9)
2. In die lewe is daar twee maniere om te lewe (10 – 19)
3. Dit gaan oor wat in jou hart is en wat uitvloei in dade (20 – 27)

Spreuke 4 is ‘n getuienis van hoe Salomo se ouers (Dawid en Batseba) hom opgevoed het. Alle wysheid kom van God af, maar dit word op aarde van ouers (of opvoeders) na kinders en van die een geslag na die ander oorgedra (Psalm 78). Omdat alle wysheid van God af kom, kan ouers in werklikheid maar net hul kinders aanmoedig om hulle na die Here te wend vir wysheid. Kinders moet hierdie wysheid leer sodat hulle dit weer op hul beurt aan hul kinders kan oordra. Hulle moet dus buig onder die opvoeding van hul ouers en aangemoedig word om saam met hul ouers te soek na die wysheid van God in die Bybel.

Om ‘n skool soos Dirk Postma te bestuur verg ook besondere wysheid. Onderwysers het wysheid nodig om kennis so oor te dra dat die kinders deur die bril van die Woord God se grootheid mag sien, die bestuur het wysheid nodig om die finansies so te bestuur dat ons volhoubaar mag voortbestaan om hierdie mooi taak voort te kan sit, die ouers het wysheid nodig om die kinders aan hul toevertrou, te midde van die suigkrag van die wêreld, so op te voed dat God daardeur verheerlik word.

Ons is ook dankbaar dat die Here ons toerus met gelowiges wat op verskillende areas aanmeld om die skoolgemeenskap met Sy wysheid te dien.
In die besonder heet ons die twee nuwe bestuurslede, mnr Klaas Pouwels as voorsitter en ook Mnr Albert vd Wetering as bestuurslid welkom. Die ander bestuurslede is mev Adri vd Wetering, dr Morné Diedericks, mnr Gerrit van Dyk, mnr André vd Veen, mnr Bert Pouwels en ds. Lohan Linde.

Ons is regtig dankbaar dat julle hierdie taak op julle neem. Ons bede is dat die Here julle sal toerus met Sy wysheid om met oordeelkundigheid en goeie onderskeidingsvermoë die skool te lei.

Vriendelike groete

Saskia Meijer

# BEPLANNER

**29 April - 14 Mei**

### 29 April
| | |
|---|---|
| Hoërskool | Tafeltennis: Overkruin |
| Laerskool | Gr 4-studiekursus<br>17:30 - 19:00 terugvoer ouers |

### 30 April
| | |
|---|---|
| Verjaarsdag | Mev J du Toit |
| Hoërskool | Netbal: Gerrit Maritz (tuis) |

### 1 Mei
| | |
|---|---|
| Werkersdag | GSDP gesluit |
| Verjaarsdag | Mev C Kruger |
| Verjaarsdag | Mev M Verhoef |

### 2 Mei
| | |
|---|---|
| GSDP | Skoolvakansiedag |

### 3 Mei
| | |
|---|---|
| GSDP | Skoolvakansiedag |

### 6 Mei
| | |
|---|---|
| Hoërskool | Netbal: Erasmus (weg) |

### 7 Mei
| | |
|---|---|
| Hoërskool | Redenaarsaand |
| Laerskool | Netbal: Bergsig (weg) |

### 9 Mei
| | |
|---|---|
| GSDP | Hemelvaartdag<br>07:40 - 09:00 Gaste welkom |
| Laerskool | Gr 4 - Gr 7: Int Spelling |
| Hoërskool | Tafeltennis: FH Odendaal |

### 10 Mei
| | |
|---|---|
| GSDP | Info |
| Verjaarsdag | Mej T du Plessis |
| Laerskool | Verkoping: Koerant |
| Hoërskool | Netbal: Akasia (weg) |

### 11 Mei
| | |
|---|---|
| GSDP | Dopperspele |

### 14 Mei
| | |
|---|---|
| Laerskool | Netbal: SA College (weg) |

# Bestuur

**ALGEMENE JAARVERGADERING: DI, 23 APRIL:** Baie dankie vir u teenwoordigheid op die jaarvergadering. Br Klaas Pouwels is verkies as GSDP-Bestuur se voorsitter en br Albert van de Wetering as bestuurslid. Ons wens u sterkte toe vir die taak!

# ALGEMEEN

## GSDP - Skoolvakansiedae

**DATUMS:** Vrydag, 14 Junie GSDP sluit

**VAKANSIEDAE:** Woensdag, 1 Mei GSDP gesluit (Werkersdag)
Woensdag, 29 Mei GSDP gesluit (Verkiesing)

**GSDP-SKOOLVAKANSIEDAE:** Donderdag, 2 Mei GSDP gesluit
Vrydag, 3 Mei GSDP gesluit

**WO, 1 MEI & DO, 2 MEI & VR, 3 MEI:** GSDP gesluit

# Skootrekenaars

**SKOOTREKENAARS BENODIG:** Die hoërskool het hierdie jaar met die aanbieding van Kode-ring en Robotika vir die gr 8- en gr 9-leerlinge begin. In die eerste helfte van die jaar maak die leerlinge van "unplugged coding" gebruik en word geen spesiale toerusting benodig nie. In die tweede helfte van die jaar word daar beoog om in groepe op 'n rekenaar die beginsels van kwartaal 1 en 2 toe te pas. Hiervoor benodig ons onder andere 5 skootrekenaars. Indien u enige skootrekenaars het wat u nie meer gebruik nie, sal ons dit baie waardeer as u dit aan die skool skenk. By voorbaat dankie vir u samewerking!

# Gespreksaand



**Datum:** 23 Mei
**Tyd:** 19:00 - 21:00
**Bespreking:** Digitale verslawing
**Spreker:** Dr Anke de Beer

Dr. Anke de Beer is 'n gerespekteerde spreker, navorser, konsultant en skrywer oor die dringende kwessies van tegnologie en die vernietigende uitwerking daarvan op die mensdom. Sy gebruik haar uitgebreide akademiese en professionele kennis asook haar ervaring in die beradingskamer om mense te help wat vasgevang is in die strik van digitale media. Sy werk saam met skoolorganisasies, kerke en die reg en het 'n PhD in Teologie oor die onderwerp van Digitale Verslawing asook 'n tweede PhD in Interdissiplinêre studies oor dieselfde onderwerp. Sy bestuur 'n privaat beradingspraktyk en gee raad aan ouers, leiers, predikante, onderwysers en jongmense landwyd terwyl sy haar navorsing en skryfwerk voortsit. Digitale verslawing is haar passie en fokus van haar navorsing en bediening.

**WINTERSDRAG:** Die laaste Info het gemeld dat leerlinge verplig is om vanaf Maandag 6 Mei die voorgeskrewe wintersdrag aan te trek. Alhoewel dit soggens koel is lyk dit asof daar steeds vir die volgende twee weke temperature in die hoë 20's voorspel word. Infasering van wintersdrag word dus tot 20 Mei toegelaat.

**HEMELVAART: 9 MEI:** Vanjaar nooi Aros u hartlik uit na die Hemelvaartdiens wat ook deel vorm van hul jaar van dankbaarheid na aanleiding van die 20 jaar feesvieringe. Aros, ICO en Fontein Uitgewery se personeel sowel as Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn is ook na die geleentheid genooi. Dit vind plaas in GK Kandelaar se gebou om 7:50 – ongeveer 9:00

**KALENDER WEBTUISTE:** Die kalender word gereeld opgedateer. Vergewis u gereeld van die inhoud.

# KLEUTERSKOOL

## Robotika en Kodering in die kleuterskool.



Vir die volgende vier uitgawes van die Info word hierdie onderwerp belig.

**Deel 1**

Tydens vanjaar se opedag het etlike voornemende ouers die vraag gerig of Dirkieland robotika en kodering vir die kleuters aanbied?

Om te verstaan of robotika en kodering die ontwikkelingsdoelwitte in vroeëkindonderwys (VKO) bevorder en hoe om dit toe te pas, moet ons die doelwitte en die betekenis van VKO verstaan.

In hierdie fase is die doelwit veel meer as net die voorbereiding vir die laerskool. Hier streef ons daarna om die kleuter se geestelike, sosiale, emosionele, kognitiewe en fisiese behoeftes holisties te bevorder ten einde 'n stewige grondslag te bou vir lewenslange leer. Die norme en waardes vanuit die Skrif is baie belangrik en dit word deur al die leerareas geïntegreer. Uitnemendheid as 'n spesifieke doel vir GSDP (ook by Dirkieland) is ook iets waarna ons streef. Kleuters word daarom geleer om te ontdek en kritiese denkvaardighede te ontwikkel veral met die fokus op die volgende agt vaardighede ten einde 'n stewige grondslag te kan bou: Groot motoriese-, fyn motoriese-, perseptuele-, kognitiewe-, taal-, wiskundige- sosiale en emosionele vaardighede.

Bemeestering van hierdie vaardighede word benodig om uiteindelik formeel te kan lees en skryf en wiskunde te kan doen. Die basiese grondslag vir geletterdheid asook gesyferdheid moet baie goed vasgelê wees voor daar oorgegaan word na formele koderingsaktiwiteite. 'n Kind wat oor hierdie basiese vaardighede beskik behoort ook kodering en robotika makliker onder die knie te kry.

Volgende keer gesels ons oor hoekom blootstelling aan robotika en kodering belangrik is.











# LAERSKOOL

## SPORT

**NETBAL - LIGAWEDSTRYDE:**

| DATUM | SKOOL | TUIS/WEG |
|---|---|---|
| Di, 7 Mei | Bergsig | Weg |
| Di, 14 Mei | SA College | Weg |
| Do, 16 Mei | Doornpoort | Tuis |

## KULTUUR

**LAERSKOOLKONSERT**

**Datum:** Vrydag, 26 & Saterdag, 27 Julie
**Plek:** Doxa Deo - Ben Swartstraat

Sien meer inligting in die konsertbrief op die nuusgroep. Ons sien baie hierna uit.

**LAERSKOOLKOOR**

Die Opedag optrede is agter die rug, en nou lê daar nog twee in die nabye toekoms vir ons voor. Ons volgende optredes is:



**9 Mei 2024**:
Hemelvaartdiens by die skool tydens skooltyd. Kleredrag asb dieselfde as met opedag. (Skoolklere met skoolskoene en -kouse, asb geen sweetpakke of LO klere nie)

**18 Mei 2024**:
GK Meintjieskop musiekmiddag.
Kleredrag: Skoolklere met skoolskoene en -kouse.







# HOËRSKOOL

## AKADEMIE

**WISKUNDE-OLIMPIADE:** Marné van de Wetering, Marguerite van de Wetering, George Mnisi, Annelie van de Wetering en Albert Bunk het deurgedring na die tweede rondte wat plaasvind op 9 Mei. Sterkte!

## SOSIAAL

**REDENAARS:** Sien advertensie.

**KULTUUR:** *Dirkiesdrama het begin! 10 leerlinge het aangesluit by die dramagroep. Ons beplan om op 14 Augustus tydens Taaldag op te tree. Die twee groepe oefen onderskeidelik op Maandae (14:00 tot 15:00 en 15:00 tot 16:00). Daar is sommer baie talent onder die Dirkies wat ontgin kan word! Heinrich Goodey en Leon O'Kelly skryf vanaf 14 - 16 Mei die Afrikaanse Olimpiade - aanlynvraestel vir seniors. Intussen is die 3 spanne wat aan die landswye Bybelvasvra gaan deelneem, reeds besig om te leer en oefenvraestelle in te vul.*

## SPORT - LIGA- & GEWONE WEDSTRYDE


| DATUM | NETBAL | TAFELTENNIS | FIETSRY |
|---|---|---|---|
| Ma, 29 April | - | Overkruin | - |
| Di, 30 April | Gerrit Maritz (tuis) | - | - |
| Ma, 6 Mei | Erasmus (weg) | - | - |
| Do, 9 Mei | - | FH Odendaal | - |
| Vr, 10 Mei | Akasia (weg) | - | - |
| Sa, 25 Mei | - | - | Pretoria Boys High |
| Ma, 13 Mei | CR Swart (tuis) | Semi-finaal (Liga C) | - |
| Wo, 15 Mei | - | Finaal (Liga C) | - |
| Vr, 17 Mei | Rietondale (tuis) | - | - |
| Sa, 20 Julie | - | - | Stein City |
| Sa, 17 Augustus | - | HTS John Vorster | - |
| Sa, 31 Augustus | - | - | St Stithians |

**Sterkte aan die Dirkie-deelnemers!**





# Kleuterskool




**GEREFORMEERDE HOëRSKOOL DIRK POSTMA**
**EKSAMENROOSTER MEI/JUNIE 2024** (soos op 22 April)

| Datum | Gr 12 | Tyd | Gr 11 | Tyd | Gr 10 | Tyd | Gr 9 | Tyd | Gr 8 | Tyd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ma 20/5 | Kuns Prakties<br>VS Teorie | 6<br>3 | Kuns Prakties<br>IT Prakties | 6<br>3 | Kuns Prakties<br>VS Prakties | 6<br>2 | Afr II | 2½ | Wisk I | 1½ |
| Di 21/5 | Kuns Prakties<br>Rek I | 6<br>2 | Kuns Prakties<br>FW I | 6<br>2 | Kuns Prakties<br>IT Prakties | 6<br>2½ | NW I | 1½ | Rek | 1½ |
| Wo 22/5 | Kuns Prakties<br>IT Prakties | 6<br>3 | Kuns Prakties | 6 | Kuns Prakties<br>VS Prakties | 6<br>2 | Kerkgesk | 1½ | Afr II | 2½ |
| Do 23/5 | Eng III | 2½ | Afr III | 2½ | LO | 1½ | | | | |
| *2e sessie* | | | Bybel | 1½ | VS Prakties | 2 | | | | |
| Vr 24/5 | Wisk I<br>Wisk Gel I | 3<br>3 | IGO I<br>LW | 3<br>2½ | Afr I | 2½ | Rek | 1½ | Eng I | 2½ |
| Ma 27/5 | Afr III | 3 | Wisk I<br>Wisk gel I | 2<br>1½ | FW I<br>RTT Prakties | 2<br>2 | Wisk I | 2 | NW I | 1½ |
| Di 28/5 | BS I<br>IGO I | 2<br>3 | Eng III | 2½ | Eng I | 2½ | Eng I | 2½ | LO | 1 |
| 2e sessie | | | BS I | 2 | | | | | | |
| Wo 29/5 | STEMDAG | | | | | | | | | |
| Do 30/5 | Eng II | 2 | Rek I<br>VS Teorie | 2<br>2½ | Wisk I<br>Wisk Gel I | 2<br>2 | SW | 1½ | Eng II | 2½ |
| *2e sessie* | | | Eng I | 2 | | | | | | |
| Vr 31/5 | LW<br>BS II<br>IGO II | 2½<br>2<br>2½ | IT Teorie<br>Kuns Teorie | 2½<br>2½ | Bybel | 1 | Afr I | 2½ | EB | 1½ |
| Ma 3/6 | FW I<br>RTT Prakties | 3<br>3 | Wisk II<br>Wisk gel II | 2<br>1½ | Rek<br>Kuns Teorie<br>IGO | 2½<br>2<br>3 | NW II | 1½ | Afr I | 2½ |
| Di 4/6 | Afr II | 2½ | LO | 2 | LW<br>Geo I<br>IT Teorie<br>BS | 2½<br>2½<br>2<br>2 | LO | 1 | Kerkgesk | 1 |
| 2e sessie | | | RTT Prakties | 2½ | Geo II | 1½ | | | | |
| Wo 5/6 | Kuns Teorie<br>IT Teorie<br>Rek II | 3<br>3<br>2 | Afr I | 2 | | | | | | |
| 2de sessie | | | BS II | 2 | | | | | | |
| Do 6/6 | Kerkgesk | 2 | Afr II | 2½ | Afr II | 3 | K & K | 1½ | NW II | 1½ |
| Vr 7/6 | FW II<br>RTT Teorie | 3<br>2½ | Rek II<br>Geo | 2<br>2½ | Wisk II<br>Wisk Gel II | 2<br>2 | Teg | 1 | Bybel | 1 |
| Ma 10/6 | Wisk II<br>Wisk gel II | 3<br>3 | IGO II | 2½ | FW II<br>RTT Teorie | 2<br>2 | Wisk II | 1 | Wisk II | 1 |
| Di 11/6 | Eng I | 2 | Kerkgesk | 1½ | Eng II | 2½ | Bybel | 1 | SW | 1½ |
| Wo 12/6 | Bybel | 2 | RTT Teorie | 2 | LW Prakties | 2 | Eng II | 2½ | K & K | 1 |
| Do 13/6 | Afr I | 2 | FW II | 2 | VS | 2½ | | | | |
| Vr 14/6 | LO | 2½ | Eng II | 2 | Kerkgesk | 1½ | EB | 1½ | Teg | 1 |










# DOPPERSPELE

## DOPPERSPELE 11 MEI (7:30 – 17:00)

Die gebruiklike Dopperspele is om die draai. Vir die eerste keer word hierdie spele op die terrein van GSDP aangebied. Ons is sommer baie opgewonde oor hierdie uitstekende bemarkingsgeleentheid.

Om van hierdie geleentheid 'n groot sukses te maak het ons 'n paar vrywilligers op die volgende drie gebiede nodig.

1. GSDP wil graag deelneem en moet 'n span saamstel en 'n span inskryf. 'n Span bestaan uit ongeveer 35 deelnemers. Individue kan slegs vir een sportsoort inskryf.

2. Vrywilligers: Ons het heelwat hande nodig om Vrydag 10 Mei alles in gereedheid te bring

3. Opruimspan: Ons het heelwat hande nodig om Saterdag 11 Mei te help om alles op te ruim sodat die skool weer gereed is vir die kinders om Maandag te kan skoolgaan.

**Die sportsoorte is**:

Jukskei (4),
Toutrek (6 +aanvoerder),
Veerpyltjies (2),
Vingerbord (2),
Poel (2),
Tafeltennis (2);
Ringtennis (2),
Volleybal (6),
Pluimbal (2),
Boules (2)
Sjoel (2)



Daar is ook 'n geesbeker, almal kan dus kom ondersteun. Alle fondse wat vanjaar ingesamel word gaan vir die volgende sake: Gereformeerde Kerk Andeon, die EVT fonds (versorging van emeriti) en Koningskinders (Woordbediening aan kinders in moeilike sosiaal-maatskaplike omstandighede).
Daar is verskeie stalletjies op die dag wat kos, koeldrank, pannekoek ens. verkoop! As u dus graag wil deelneem, kom skryf asseblief in by die GSDP span.

**Skryf gerus hier in**:
Vul ook die vorm in as u hulp aanbied by die span wat uitpak of die opruimspan: Google Form Link sal op die WA groepe gestuur word.

# Advertensies






# “SNAPSCAN”-KODES

GSDP-
SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die “snapscan”-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-
BOUFONDS

# ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

## BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

## MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na “Get a MySchool card now”. Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

## PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstro-kies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

## GSDP: GLASPROJEK

**Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.**

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

